VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 15 - Uitgawe 2
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

27 Januarie 2017

Komende Sondag is dit die vierde week ná Epifanie en die sleutelteks vir die week, volgens die Leesrooster, kom uit Miga 6 verse 1-8:

8Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is:
Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys,
dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God.

1. BELANGRIKE NUUS VANAF DIE ALGEMENE SINODE: Leraars en kerkrade, neem asseblief kennis van hierdie twee belangrike sake:

KONSEPWETGEWING OOR HAATMISDADE: Die Algemene Sinode gee graag inligting vir gemeentes wat oorweeg om kommentaar te lewer op die **konsepwetgewing** getiteld, ***Combating of Hate Crimes and Hate Speech Bill***, met 'n teikendatum van **31 Januarie 2017**. Die adres waarheen kommentaar gestuur kan word is, *The Deputy Minister of Justice* - John Jeffery, by die volgende e-pos, **NiMaweni@justice.gov.za** - stuur dit ook aan **hatecrimes@justice.gov.za**. Dit wil voorkom asof die volgende punte belangrik is en kan in julle kommentaar aangespreek word:

- **Die tydlyn is onregverdig en onbillik.**
- **Vae formulering van sleutelkonsepte.**
- **Die konsepwetgewing is oorbodig en word reeds grondwetlik en in ander wetgewing aangespreek.**
- **Vryheid van spraak kom ingedrang en sal oortreders kriminaliseer.**
- **Vryheid van godsdiens kom ingedrang en sal kerke se profetiese rol inperk.**

Ter wille van gemeentes wat wil reageer, kan dr Marelize Marais van die UV, sowel as die Tussenkerklike Raad (TKR), **se kommentaar (wat as die NG Kerk se amptelike kommentaar sal dien),** hier gelees word. **Gemeentes kan gerus oorweeg om hierby betrokke te raak.**

BIDDAG VIR ONDERWYS: Die Biddag vir Onderwys is vanjaar op **Sondag 12 Februarie 2017**. Skole het die ondersteuning van gemeentes broodnodig. Die NG Kerk het 'n kosbare geskiedenis van betrokkenheid by die onderwys. **Gemeentes word gevra om tydens eredienste op 12 Februarie, aandag te gee aan hierdie belangrike saak, gebruik gerus die bygaande gebed - sake waarvoor voorbidding gedoen kan word is:**

- Die minister van Onderwys en plaaslike onderwys-strukture.
- Dankbaarheid vir uitstekende skoolhoofde, onderwysers, dosente, ouers en leerders.
- Plaaslike skole, skoolhoofde, beheerliggame, onderwysers en leerders.
- Die rol wat organisasies soos die SAOU en FEDSAS speel om gehalte onderwys te verseker.
- Kalmte en veilige omstandighede op Universiteite en ander instellings vir studente om te studeer.
- Die saak waarin ses skole oor hul godsdiensbeleid deur die Organisasie vir Godsdiensonderrig en Demokrasie (Ogod) voor die hof gedaag word, wat van 15 tot 17 Mei 2017 in die hooggeregshof in Johannesburg aangehoor word. Die Federasie vir Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas), verteenwoordig die ses skole in dié saak. Die NG Kerk is as vriend van die hof by hierdie saak betrokke.

2. UV TEOLOGIESE DAG 6 FEBRUARIE 2017: In aansluiting by die Feesjaar van die Reformasie, is die tema van hierdie jaar se Teologiese dag, ***Reformasie 500: Sola Scriptura en eietydse***

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

konflikte van interpretasie / Reformation 500: Sola Scriptura and contemporary conflicts of interpretation. Die erediens word gelei deur prof Rian Venter en die sprekers gaan die volgende onderwerpe hanteer:

Prof Hendrik Bosman - ***The authority of scripture: Sola Scriptura from the Reformation to today*.**
Prof Juliana Claassens - ***Beyond Revenge. Responsible Bible reading Practices in a Traumatised Land*.**

Die **geleentheid vind in die Odeion plaas vanaf 09:00 tot 13:00**, alle predikante en ander belangstellendes word hartlik hierheen uitgenooi**.**

3. GEMEENTENUUS:

TAIZéDIENS BY NG BERG-EN-DAL: ***In die aandskemering of nagstilte, by God...*** Almal word uitgenooi om rondom dié tema die Woord te hoor, te bid en rus te vind in die teenwoordigheid van die Heilige. Die spesiale diens vind **Sondagaand 29 Januarie 2017 om 18:00** in die kerkgebou te Albrechtstraat, Dan Pienaar plaas. Vir meer inligting, skakel 051 436 2750 (k).

GEBED DEUR DIE TABERNAKEL: Gedurende die laaste kwartaal van 2016 het ds Laurie Naudé van die NG Gemeente Meyerhof in Bothaville, 'n voorlegging aan die Sinodale Kommissie vir Erediens (SKE) gemaak oor ***GEBED deur die TABERNAKEL***. Hy het dit toegelig met foto's, 'n *Powerpoint*-aanbieding en insiggewende, goed nagevorsde praktiese inligting uit veral Eks 25-40 en Heb 9-12. **Die versoek is nou dat hierdie inligting wyer bekend gestel moet word, sodat gemeentes dit dalk as Gebedsleiding/Gebedskursus, of 'n Gebedsmodel kan gebruik.** Ds Laurie se gemeente het ook 'n Tabernakel in die kerktuin opgerig, sodat die inligting prakties beleef kan word. Belangstellendes is baie welkom om die Tabernakel by Meyerhof te besoek, of om ds Laurie te kontak vir verdere inligting, selfs as julle dalk sou belangstel dat hy julle gemeente/Gebedsaksie, of leierskorps hierin moet kom begelei. Hy het reeds in gemeentes gehelp met 'n Bybelskool, wyksbyeenkomste en dag-kursusse oor *GEBED deur die TABERNAKEL.* Maak gerus gebruik van hierdie diens wat deur die SKE aangebied word en kontak ds Laurie by 082 378 2322 / 056 515 3478, of stuur 'n e-pos na **laurienaude@telkomsa.net**

DEURNAG LOFPRYSING EN AANBIDDING VIR HERLEWING: Hierdie geleentheid deur die **NG Gemeente Sasolburg-Fakkel** (geleë te Schalk Burgerstraat 7, Sasolburg), vind op **Vrydagaand 3 Februarie vanaf 18:00 tot Saterdag 4 Februarie 2017 om 06:00** die oggend plaas. Toegang is gratis, maar daar sal geleentheid wees om offergawes te gee vir die oprigting van 'n jeuglokaal vir die gemeente. Ligte etes en drinkgoed sal om 24:00, asook om 06:00 voorsien word. Kinders en volwassenes is welkom, hulle reël vir kinderoppassers, bring slaapsakke, kussings en komberse saam. Vir meer inligting kontak vir Willem Burger by 016 976 1231, of vir William Singleton by 082 699 7398.

FEESJAAR VIR NG WINBURG: Die **oudste NG Gemeente in die Vrystaat word vanjaar 175 jaar**. Die **NG Gemeente Winburg** is in 1842 gestig en hierdie gebeurlikheid gaan op 'n feestelike wyse gevier word. Op **26 Februarie 2017** is daar 'n spesiale gedenkdiens en word daar ook 'n heerlike koue ete aangebied met Barend Deysel wat as gaskunstenaar sal optree. Dit word 'n reunie vir alle lidmate en oud-lidmate, Winburgers, oud-Winburgers en alle kennisse wat op die een of ander manier 'n band met die gemeente gehad het of steeds het. Die **erediens begin om 09:30 in die pragtige klipkerk** en die ete word na die diens op die terrein aangebied. Vir verdere besonderhede, asook vir etekaartjies @ R60 per kop, skakel gerus die kerkkantoor op 051 881 0339 (k/u Ma, Wo en Vry tussen 09:00 en 12:00). Besoek ook die gemeente se *Facebook*-blad by **NG Gemeente Winburg.**

HERHALINGS VAN GEBEURE BY GEMEENTES WAT REEDS IN VORIGE VRYPOS VERSKYN HET: Sien pt 9.

4. VIR KENNISNAME:

NAAMSVERANDERING VAN GEMEENTE: Tydens 'n Kerkraadsvergadering gehou op 11 Januarie 2017, het die kerkraad van **Oop Arms Gemeenskapskerk, Welkom**, besluit om die **naam van die gemeente te verander na NG Kerk Welkom**, soos dit vantevore was.

NG UITSIG, BLOEMFONTEIN, RIG 'N WAARSKUWING AAN ANDER NG GEMEENTES!: 'n Persoon met die naam, **Adriaan Entres** (hy **gebruik ook die naam Adriaan Fenters** – klik op foto vir artikel in *Netwerk24* van 14 Januarie 2017, **"Stapsoldaat vir Jesus", op pad na Zim**), het dié gemeente in 2016 genader en aangebied om 'n staptoer te onderneem, waarin hy dan onderneem om fondse vir hulle in te samel. Volgens hom het hy dit al vantevore vir ander gemeentes gedoen en het hy beoog om vir Uitsig Gemeente 'n staptoer vanaf Bloemfontein na Saldanhabaai te onderneem om fondse namens hulle in te samel. Die gemeente het vir hom 'n brief op hul **amptelike briefhoof (sien hulle logo hiernaas)** saamgegee, waarop hulle toestemming tot die toer en fondsinsameling verleen, asook met hul bankbesonderhede daarop waarin geld inbetaal kon word. Daar was tydens die staptoer wel 'n bedrag van R2 000 in die gemeente se bankrekening inbetaal, maar dit wil nou voorkom asof Adriaan na afloop van hierdie staptog, steeds NG Uitsig se briefhoof gebruik om fondse in te samel, maar wat nie na hulle oorbetaal word nie!

Hulle wil hiermee 'n ernstige waarskuwing rig en 'n beroep op ander NG Gemeentes doen om op die uitkyk te wees hiervoor en die skenk van donasies aan hierdie persoon te oorweeg. Indien hy iewers by 'n gemeente met NG Uitsig se brief opdaag, word julle versoek om vir ds Hein Kotzé op 082 465 1402 te skakel. ***(Foto van Adriaan: Met erkenning aan Netwerk24)***

VIR GEMEENTES - OOR RENTMEESTERSKAP: **Diegene wat in gemeentes verantwoordelikheid vir finansies aanvaar**, kan gerus oorweeg om (weer) te kyk na 'n lekker doelmatige hulpmiddel oor die onderwerp van verantwoordelike rentmeesterskap, saamgestel en bedryf deur Francois Cillié, voormalige saakgelastigde van die Sinode van Wes-Kaapland. Dié blad gee allerlei bronne om te help om die Bybel se waarhede oor geld en besittings te verstaan en dit prakties uit te leef. Klik op **www.bybelsevrygewigheid.co.za**

(Dankie VrydagNuus)

5. AKTUEEL:

EKOLOGIE - GELOWIG EN GROEN: *Kerkbode* het in die uitgawe van 20 Januarie 2017 met 'n nuwe rubriek, *Gelowig en groen*, begin. Neels Jackson, redakteur, skryf die volgende hieroor: *As die kerk van 2017 na die wêreld om hom kyk, dan is dit duidelik dat die mens se verhouding met die omgewing waarin God ons geplaas het, een van die terreine is waarop ons moet hervorm.* Ds Anton Doyer sal voortaan in elke uitgawe 'n paar gedagtes hieroor deel. **Gemeentes word uitgenooi om vir *Kerkbode* te laat weet van omgewingsprojekte waarby hulle betrokke is** – stuur berigte en foto's na **kerkbode@tydskrifte.co.za**.

BYBEL, INTELLIGENTE ONTWERP, EVOLUSIE & GELOOF: Kan 'n mens uit 'n wetenskaplike teorie, soos intelligente ontwerp, uit die skepping self aflei dat daar 'n God is? Hoe help die Bybel ons hieroor nadink? En… wat is die rol van openbaring in die feite van die evangelie in die vorming van ons geloof? Lees gerus die artikel **hier**.

(Dankie Grens.Pos)

6. NUUSBRIEWE:

CLF NUUS: Hierdie week vertel CLF meer oor die wyse waarop jy in jou onmiddellike omgewing "sendingwerk" kan doen deur middel van die verspreiding van hulle ongelooflike pamflette oor allerlei aktuele onderwerpe in verskeie tale! – klik **hier**.

BYBEL-MEDIA: Bybel-Media **(sien nuwe logo hierby)**, die NG Kerk se mediahuis wat gelowiges in hulle lewe en dienswerk ondersteun, help mense om deur middel van die regte produkte en media op reis met Jesus te wees én 'n verskil in die **omgewing en samelewing te maak. Oorweeg gerus om die werk wat BM doen, ook deur middel van die volgende kort video in jou gemeente bekend te stel.** Hulle wil almal bedank vir al die ondersteuning waardeur julle help om BM-produkte verder te

ontwikkel, soos hulle reeds langer as 40 jaar doen - besoek ook gerus Bybel-Media se e-winkel **hier**.

7. BEROEPE- EN PREDIKANTENUUS:

Ds JJ (Jean) de Villiers van die NG Gemeente Sasolburg-Tuinedal, het 'n **beroep na 'n gemeente in Skotland aanvaar** en reeds sy afskeidspreek op Sondag 15 Januarie 2017 gelewer – hy **ontvang demissie op 30 April 2017**.

Ds WP du Plessis van die NG Gemeente Edenburg het 'n **beroep na die NG Gemeente Goudini** (Sinode Wes-Kaapland), **aanvaar.** Hy **lewer op Sondag 5 Maart 2017 sy afskeidspreek** en word die 12de Maart by NG Goudini bevestig.

Ons bid vir beide leraars die seën van die Here toe, mag dit met julle goed gaan in julle nuwe werksomgewings.

LERAARS BESKIKBAAR VIR AFLOS/PREEKBEURTE:

Ds Hennie van Schalkwyk (emeritusleraar, bly in Hertzogville, maar is ook beskikbaar om in Bloemfontein te help met preekbeurte, ens) – sel 083 390 8379, e-pos **hennievanschalkwk08@gmail.com**

Dr Gretha Heymans (bly in Bloemfontein) – sel 082 926 9023, e-pos **gretha@shisas.com**

8. VAKATURES:

Die **NG Kerk Vrystaat** stel die volgende twee poste bekend: **Kuratorium Sekretaresse/sekretaris (halfdag)**, asook **Seminariumbestuurder (deeltyds)** – klik **hier** vir meer inligting. **Die sluitingsdatum vir beide poste is Woensdag 15 Februarie 2017 met aanstellingsdatum 1 April 2017.**

LERAAR DEELTYDS-TERMYN, KONTRAK (1JR) – NG GEMEENTE EXCELSIOR: Klik **hier** vir meer besonderhede – **sluitingsdatum vir aansoeke is Dinsdag 31 Januarie 2017.**

VOLTYDSE KINDERVERSORGER – ENGO KINDER- EN JEUGSORGSENTRUM, WELRIEDAL RIEBEECKSTAD: Klik **hier** vir volledige inligting – **sluitingsdatum vir aansoeke is Dinsdag 31 Januarie 2017.**

MAATSKAPLIKE WERKER, THESSA-PROGRAM – TORINGS VAN HOOP: Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelikheid neem vir die THESSA-program (kwesbare dames) by Torings van Hoop, klik **hier** vir al die inligting. **Sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 3 Februarie 2017 vóór 17:00.**

VAKATURES OP e-KERKBODE: 'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies, is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, *Kerkbode*. Klik **hier** vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie.

9. HERHALINGS:

As jy nie tyd gehad het om verlede week se *Vrypos* te lees nie, kan jy **hier** gaan kyk vir inligting oor die Wêreldbiddag vir Vroue en NG Bainsvlei wat Modkats kategeseboeke beskikbaar het. Daar is inligting oor gebeure by verskillende gemeentes en instansies, asook nuus oor kursusse (Dissipelskap en Sotho-klasse), 'n konferensie vir kleingroepe en 'n werkswinkel van die *InnerZonecare* Sentrum.

10. VERJAARSDAE:

Seënwense vir almal wat die komende week verjaar, mag dit 'n besondere jaar vir elkeen wees:

27 Jan:
Mnr Adriaan de Ruiter - SINODALE KERKKANTOOR - 083 302 2916, **reken@ngkvs.co.za**

29 Jan:
Dr Koos Uys - FRANKFORT - 071 671 9004, **jspuys@gmail.com**

30 Jan:
Ds Anton Meiring - WOODLAND HILLS NG GEMEENSKAPSKERK - 079 895 3914, **anton@whgemkerk.co.za**
Dr Kobus Smit - PETRUS STEYN - 072 488 3959, **smitk51@gmail.com**

11. TEN SLOTTE: *Ek lees in die Noord-Kaapland eNuus die volgende interessante en "stof tot nadenke"-berig deur Melanie Verwoerd wat op 11 Januarie 2017, in News24 verskyn het. Sy noem die berig,* ***Softening our Gaze*** *en dit het my laat dink oor die manier waarop ek mense in my alledaagse lewe behandel... met 'n sagte woord of 'n kyk, of dalk eerder kwaai en aggressief! Lees gerus die berig* ***hier****...*

Groetnis tot volgende keer...

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 (k) Faks: 086 609 2547

INDIEN JY OP *VRYPOS* WIL INTEKEN, KLIK hier (meld asseblief ook jou gemeente/dorp)

AS JY *VRYPOS* WIL KANSELLEER, KLIK hier

Stuur enige nuusgebeure, inligting na kerkinfo@ngkvs.co.za **(spertyd vir indiening, Dinsdae @ 14:00)**

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: http://www.ngkerkvrystaat.co.za/

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

CLF NUUS:

2017 NUWEJAARSVOORNEME – SENDINGWERK

Aan die begin van 'n nuwe jaar is daar menige positiewe en nuwe voornemens wat deur jou gedagtes gaan. Ek gaan definitief gewig verloor, ek gaan 'n beter werk soek, ek gaan… So baie besluite en voornemens wat ons self maak, hou net 'n paar dae en dan verval ons weer in 'n negatiewe leefwyse. Die rede is dat ons dalk self te hard probeer en nie luister wat God in ons lewe wil hê nie.

Een van die groot opdragte waarin ons so maklik faal, is die opdrag van Markus 16:15: "Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom." Dit is nie altyd maklik om te getuig nie. Ons persoonlikheid, omstandighede en vele ander dinge staan baiekeer in ons evangelisasie-pad.

Christelike Lektuurfonds (CLF) wil gelowiges herinner aan hulle gratis pamflette wat daagliks benut kan word om hierdie opdrag 'n groot avontuur saam met ons Hemelse Vader te maak. Besoek hul webtuiste by **www.clf.co.za**, of kontak hulle by **info@clf.co.za**, of skakel 021 873 6964 om 'n lys van bykans 100 pamfletonderwerpe te ontvang waaruit jy jouself kan toerus vir hierdie opdrag.

Net weer 'n paar idees:

1. **Die 4de Februarie is Wêreld Kankerdag.** Jy ken dalk iemand wat 'n kankervegter is of jou hart lê by bediening van siekes, of jy ondersteun graag instansies soos *Hospice*. Voorbeelde van pamflette wat hier benut kan word, is: "God se troos wanneer ek siek is", "Troos in tye van swaarkry", "Kry weer hoop". Of as jy dalk fondse beskikbaar het, kan jy iemand seën en bemoedig met die boekie *God hou jou in sy hand vas* @ R25.
2. Hou altyd 'n paar pamflette met verskillende onderwerpe en tale by jou en deel dit uit soos die Here jou lei. Gee vir die persoon wat jou motor oppas 'n pamflet, los 'n paar tussen die tydskrifte by die haarsalon of dokter se spreekkamer, plaas in die kleedkamer by die lughawe. Jy sal verbaas wees hoeveel geleenthede daar is, sonder dat jy op die straathoek "traktaatjies" hoef uit te deel!
3. Indien jy deel is van 'n gemeente wat sendingwerk ondersteun, is hierdie gratis lektuur ideale hulpmiddels om die sendelinge (plaaslik of elders) mee te seën vir gebruik in hul bediening. Onthou dit is in 'n groot verskeidenheid tale beskikbaar. Daar is ook uiters bekostigbare preekbundels en dagstukkies in Sotho, Zulu, Xhosa en Tswana beskikbaar wat van onskatbare waarde kan wees vir minderbevoorregte gemeentes.

TERUG NA INHOUD

VAKATURES – NG KERK VRYSTAAT:

1. KURATORIUM SEKRETARIS/SEKRETARESSE (HALFDAG): Die NG Kerk Vrystaat stel die halfdag pos van Kuratorium Sekretaris/sekretaresse van die Kuratorium in Bloemfontein bekend en nooi belangstellendes om aansoek te doen.

Opdrag:

- Skribaat van die NG Kerk Vrystaat Kuratorium.
- Administratiewe ondersteuning aan die Seminarium Bestuurder.
- Skakeling met Teologiese studente van die NG Kerkfamilie aan die UV en die begeleier-predikante.
- Administrasie van Teologiese studente se dokumentasie in voorbereiding van legitimasie.
- Koördineer Kuratorium steunspanne (vir Begeleiding, Akademiese Evaluering en Gemeentejaar)

2. SEMINARIUM BESTUURDER (DEELTYDS): Die NG Kerk Vrystaat stel die 3/8ste pos van Bestuurder vir die Teologiese Seminarium van die NG Kerk in Bloemfontein bekend en **nooi belangstellende gelegitimeerde predikante van die NG Kerkfamilie om aansoek te doen.**

Opdrag:

- Neem leiding in die organisering en bestuur van die Seminarium se projekte en programme.
- Neem leiding in die bestuur van die Seminarium se personeel en aanbieders.
- Dien op die Kuratorium, Kuratorium Dagbestuur en die Seminarium Beheerkomitee.
- Dien op die Kuratorium se steunspanne (vir Begeleiding, Akademiese Evaluering en Gemeentejaar).
- Verteenwoordig die Seminarium en Kuratorium op forums van die Fakulteit Teologie en vergaderings van die NG Kerkfamilie.

Vir beide poste:
Stuur aansoeke & CV's aan: gemeentes@ngkvs.co.za
Sluitingsdatum: 15 Februarie 2017
Aanstelling: 1 April 2017
Navrae: Ds Barnard Steyn (051 406 6732 (k) / 082 842 7028)

TERUG NA INHOUD

LERAAR, DEELTYDS-TERMYN, KONTRAK (1JR) – NG GEMEENTE EXCELSIOR:

Die gemeente het 147 aktiewe- en 28 onaktiewe lidmate met 31 plaasbesoek- en 54 dorpsbesoekpunte, met 20 dooplidmate.

LERAARSPROFIEL: Die volgende vereistes is van besondere belang met die oog op 'n beroep:

- Leersuiwerheid in alle fasette van gemeentewerk en persoonlike opbou van die gemeente.
- Kontak deur middel van huisbesoek (ten minste een keer per jaar), plus pastorale besoek.
- Daar word van die persoon verwag om Sondae, plus een dag per week te werk, Goeie Vrydag, Kersdag, Week van Gebed en Pinkster word ingesluit (verblyf tydens Pinkster en Week van Gebed kan gereël word).
- Begrafnisse hanteer soos van tyd tot tyd benodig word.
- Die persoon moet betrokke wees by gemeente-organisering.

POSBESKRYWING: As gevolg van die finansiële posisie van die gemeente, is hierdie 'n deeltydse termynpos vir een jaar en kan dit deur die kerkraad as verteenwoordigers van die gemeente, verleng word indien die leraar en die gemeente, ná die kontrakperiode, ooreenkom dat die verlenging van die kontrak tot voordeel van die bediening in die gemeente en leraar self is.

VERGOEDINGSPAKKET: Die totale vergoedingspakket is R12 000.00 per maand wat gestruktueer sal word volgens situasie en behoefte. Daar is nie 'n pastorie beskikbaar nie.

AANSOEKE: Stuur asseblief u aansoek en CV, met twee referente aan:
NG Kerk Excelsior (Skriba)
Posbus 82, Excelsior 9760
E-pos: tillyduplessis@gmail.com

NAVRAE: Jan Bornman, Hoofouderling, sel 083 944 2738

SLUITINGSDATUM: Dinsdag 31 Januarie 2017

Die Kerkraad behou die reg om nie 'n aanstelling uit enige van die aansoeke te maak nie. TERUG NA INHOUD

VOLTYDSE KINDERVERSORGER - ENGO KINDER- EN JEUGSORGSENTRUM, WELRIEDAL, RIEBEECKSTAD:

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die versorging van 12 meisies tussen die ouderdom van 0 – 18 jaar.

VEREISTES:

- **GR 12**
- Geldige **bestuurslisensie** is 'n VEREISTE!
- **Afrikaans/Engels**
- Moet bereid wees om **opleiding** te ondergaan
- Moet lief wees vir **kinders**
- Moet ferm kan optree en **dissipline** kan handhaaf

VOORDELE:

- Salaris onderhandelbaar
- 13de Tjek
- Pensioenfonds
- Genoeg verlof
- Gratis verblyf en etes

FAKS CV'S NA: 057 352 9782
***OF* PER E-POS NA**: christa@vironskinders.org.za
SLUITINGS DATUM: Dinsdag 31 Januarie 2017

TERUG NA INHOUD

MAATSKAPLIKE WERKER, THESSA-PROGRAM:

Beskrywing van posisie: Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelikheid neem vir die THESSA program by Torings van Hoop deur die effektiewe uitvoering van sy/haar take in die volgende sleutelareas:

- Aktief betrokke by die weeklikse nag-uitreike op straat na dames vasgevang in armoed en prostitusie.
- Aktiewe verhoudingsbou met kwesbare dames (komende van die straat, *shelter* in die stad, of ander wie na Torings van Hoop kom op soek na hulp).
- Die assesering en opstel van 'n intervensieprogram (met 'n eventuele *exit*) vir diésulkes.
- Gereelde berading, begeleiding en ondersteuning van diésulkes om die sake te hanteer wat tot die krisisse en kwesbaarheid gelei het.
- Begelei elke dame in die keuses van bepaalde opleiding / ontwikkeling / vaardighede.
- Beskikbaarheid vir berading, intervensies en strategiese besluite wat betref kwesbare dames soos en wanneer deur Torings se vennote in die groter opleidingshub benodig.

Vereistes:

- BA-graad in Maatskaplike werk.
- Gekwalifiseerd en geregistreer as Maatskaplike werker by die "South African Council for Social Service Professions" (SACSSP).
- Ten minste drie (3) jaar direkte ervaring in Maatskaplike werk.
- Volle vereenselwiging met die visie, missie en waardes van Torings van Hoop.
- Beskikbaarheid om buite gewone kantoor-ure te werk soos en wanneer nodig.
- Bewese rekenaarvaardigheid in *MS Word, Excel, Powerpoint, Outlook*, Internet.
- Bewese bekwaamheid in administrasie.
- Goeie interpersoonlike vaardighede (in die besonder kruis-kulturele kommunikasie).
- Goeie kommunikasie vaardighede in Engels (verbaal en skriftelik).
- Die vermoë om in 'n span te kan werk, maar ook om onafhanklik te kan funksioneer.
- In besit wees van 'n geldige SA bestuurslisensie.

Aanbevelings:

- Bedrewe in Afrikaans**.**
- Bedrewe in Sotho en / of Tswana**.**
- Relevante ervaring**.**
- Eie vervoer**.**

Die vergoeding en aanvangsdatum sal met die suksesvolle kandidaat finaliseer word. Die aanstelling is aanvanklik vir ‘n een (1) jaar kontrak. Die raad van trustees is onder geen verpligting om hierdie posisie te vul nie.

Alle aansoeke moet uit die volgende bestaan:

- ‘n Dekbrief waarin die aansoeker hom/haarself kortliks bekendstel en die rede vir die aansoek motiveer.
- ‘n Verkorte Curriculum Vitae (CV) met foto (maksimum drie bladsye).
- ‘n Volledige Curriculum Vitae (CV) met ten minste drie onlangse referente.

Die volgende gesertifiseerde kopieë moet op versoek beskikbaar wees:

- Relevante kwalifikasies
- Identiteitsdokument
- SA bestuurslisensie

Aansoeke moet vóór 17:00 op Vrydag 3 Februarie 2017 by die kantoor van Torings van Hoop (Tweetoringkerk, Henrystraat 37, Bloemfontein), afgelewer word, óf per e-pos gestuur word na **dlh@towersofhope.org** / **dvleroux@telkomsa.net**

TERUG NA INHOUD